# Graad 6 Afrikaans Eerste Addisionele Taal Worksheet Pack

**(Aangepas vanaf e-classroom.co.za notas)**




***Kwartaal 2, Week 7***


**<u>Dag 2:</u> Inligtingsteks**

***Koekies versier*** *(decorating biscuits)*

Kyk na die prentjies (**look at the pictures**) en lees die woorde hardop (**read the words aloud**).

***<u>Wat het jy nodig?</u>*** *(What do you need?)*

- versiersuiker (**icing sugar**)
- water (**water**)
- ‘n koekierond soos (**round biscuit**)
- ‘n koekieverkantig (**square biscuit**)
- lekkers (**sweets**)
- ‘n bak (**a bowl**)
- ‘n mes (**a knife**)
- ‘n eetlepel (**a tablespoon**)
- ‘n teelepel (**a teaspoon**)



## ’n Inligtingsteks: Instruksies

### Maak koekies

Kyk na die prentjies en lees die woorde hardop. Let op die uitspraak.

**Wat het jy nodig?**

**versiersuiker** (*icing sugar*)

water

’n **koekie – rond** (*biscuit – round*)

’n **koekie – vierkantig** (*biscuit – square*)

**lekkers** (*sweets*)

’n **bak** (*bowl*)

’n **mes** (*knife*)

’n **eetlepel** (*tablespoon*)

’n **teelepel** (*teaspoon*)


***Wat moet jy doen?*** *(What must you do?)*

1. Gooi twee eetlepels versiersuiker in ‘n bak.
   **Throw two tablespoons of icing sugar into a bowl.**

2. Voeg drie teelepels water by die versiersuiker en roer dit goed.
   **Add three teaspoons of water to the icing sugar and stir well.**

3. Smeer die versiersuiker mengsel op die koekies.
   **Spread the icing sugar mixture on the biscuits.**

4. Sit klein lekkers op die koekies om ‘n gesig (rond koekies) of ‘n huis (vierkantige koekies) te maak.
   **Put small decorations on the biscuits to make a face (round biscuits) or a house (rectangular biscuits).**




Wat moet jy doen?

1. Gooi twee eetlepels versiersuiker in 'n bak.

2. Voeg drie teelepels water by die versiersuiker en roer dit goed.

3. Smeer die versiersuiker op die koekies.


4. Sit klein lekkertjies op die koekies om 'n **gesig** (*face*) of 'n huis te maak.




If you are unable to print this worksheet pack, then please answer the above as follows:

| **oor** (across) | **af** (down) |
|---|---|
| **4.** | **1.** |
| **6.** | **2.** |
| **7.** | **3.** |
| **8.** | **5.** |
| **9.** | |
| **10.** | |

***Hoe ons 'n woordeboek gebruik*** *(how to use a dictionary)*



**Lees die vrae n soek die antwoord op die vorige bladsy.**

1. Soek die woord (*find the word*) **toeris**.

    a) Wat is die woord (*what is the word*) in Engels?
    b) Wat is die woord se meervoud (*plural*) in Afrikaans?

2. Soek die woord wat na **toeris** kom (*find the word that comes after **toeris***).

    a) Skryf die woord neer (*write the word down*).
    b) Wat is die woord in Engels?
    c) Watter woordsoort (*part of speech*) is die woord?

3. Soek die woord voor **toeris** (*find the word before **toeris***)**.**

    a) Skryf die woord neer.
    b) Wat is die **verlede tyd** (*past tense*) van die woord?
    c) Wat beteken (*mean*) die woord in Engels?

**<u>Dag 3:</u> Begrip**

**Lees die volgende kort paragraaf[1] en beantwoord dan die vrae:**




Eers wil ek iets net baie duidelik maak: Hierdie is 'n joernaal en nie 'n dagboek nie. Ek weet wat dit op die omslag sê, maar toe Ma hierdie ding gaan koop het, het ek spesifiek gevra om een te kry waarop daar nie "dagboek" staan nie. Die enigste rede hoekom ek enigsins ja gesê het vir die ding, is sodat ek dit eendag kan gebruik as ek ryk en beroemd is. Maar nou is ek eers vasgekeer tussen 'n klomp morone. Vandag is die eerste dag van skool. Toe dink ek, ek kan maar netsowel in hierdie boek skryf om die tyd vinniger te laat verbygaan.


1. Waar dink jy verskryn hierdie paragraaf?
2. Is dit 'n seun of 'n meisie wat die geskryf het? Gee 'n rede vir jou antwoord.
3. Hoekom het die skrywer maar besluit om in die boek te skryf?
4. Wie het die boek gekoop?
5. Hoe beskryf die skrywer die mense saam met hom/haar?
6. Wat sê dit vir jou van die skrywer?

**<u>Dag 4:</u> Boek resensie (**book review**)**

**Boekresensie van Dagboek van 'n wimp: Rodrick regeer**

*Deur Jeff Kinney, vertaal deur Carina Diedericks-Hugo*

# Geniet 'n lekker laggie!





Toe ek die oulike boek optel en daarin begin rondsnuffel, het ek baie ongemaklik gevoel. Ek het altyd geglo dat 'n mens nie in iemand anders se dagboek mag rondkrap nie. Maar nadat ek 'n paar bladsye gelees het, het ek besef dat die dagboek vir die leser bedoel is. Die outjie skryf amper asof hy met mens praat en sy gedagtes en allerhande nuusbrokkies met jou wil deel. Dagboek van 'n wimp: Rodrick regeer gaan oor 'n doodgewone gesin - ma, pa en drie seuns. Ons skrywer is die middelste seun en hy kry nogal swaar in die posisie. Die oudste broer is nie eintlik vriendelik teenoor hom nie. Hy terg en boelie hom keer op keer, maar hulle geniet ook klein stoutighede saam. Toe hul ouers een aand uitgaan, word die seuns beveel om verantwoordelik te wees en om hulle mooi te gedra.


Rodrick het egter ander idees gehad en al sy hoërskoolvriende genooi vir 'n partytjie. Eers wou Greg hulle ouers bel om hulle te sê wat aangaan, maar hy het besluit om sy mond te hou en te sien hoe hoërskoolkinders hulle gedra. Toe die spul weg is, was die huis in 'n verskriklike toestand! En dit nadat Rodrick vir Greg in die kelderkamer toegesluit het, sodat hy niks kon sien en sy geheime sou verklap nie! Daarna het Greg, wat weer vry was, tog sy ouer broer gehelp om die plek weer skoon te kry.

So lees ons van al die kaskenades van die seuns. Niks ergs nie en party dinge nogal baie snaaks. Die dagboek is 'n heerlike, genotvolle, ligte lees wat mens kan geniet, en weer optel en lees. Baie van die storietjies sal die leser laat lag en weer laat lees. Die Afrikaans is nogal nie ingewikkeld of van 'n te hoë standaard nie. Jy kan glo dat dit deur 'n jong seun geskryf is – 'tjop-tjop' in plaas van 'gou-gou'.

Geniet **Dagboek van 'n wimp:** Rodrick regeer. Ek weet ek het!

1. Wat is die boek se naam (**name of the book**)?
2. Wie is die skrywer van die boek (**writer of the book**)?
3. Kyk (**look**) na die prent (**picture**) op die voorblad (**front cover**). Wat dink jy gebeur (**happens**) op die voorblad? Gee 'n rede (**reason**) vir jou antwoord.
4. Wat op die voorblad (**what on the front page**) verklap dat die boek nie oorspronklik (**originally**) in Afrikaans geskryf is nie?
5. Maak 'n lys (**list**) van die karakters.
6. Hoe beskryf (**describe**) die boek resensie (**book review**) die boek?
7. Hoekom het Greg nie sy ouers gekontak (**why didn't Greg contact his parents**) om hulle te vertel wat gebeur het nie?
8. Waar was Greg terwyl (**while**) sy broer en sy vriende (**his brother and friends**) partytjie gehou het?




**<u>Dag 5:</u> Hersiening – Meervoude** (revision – plurals)

E Meervoude

Kyk na die volgende reëls en vul die voorbeelde in. As jy nog onseker voel, vra jou onderwyser om jou te help.




**ONTHOU**

- As die woord 'n dubbele vokaal het, word een vokaal in die meervoudsvorm weggeneem.

  Voorbeeld: **uur** – 1.________________
- As die woord op 'n kort beklemtoonde (*emphasised*) lettergreep (*syllable*) eindig, word die konsonant (laaste letter) in die meervoudsvorm verdubbel.

  Voorbeeld: **kat** – 2.________________
- As die woord op 'n **-f** eindig, verander dit in die meervoudsvorm gewoonlik na 'n **-w**.

  Voorbeeld: **brief** – 3.________________
- As die woord op **ag** eindig, verander dit in die meervoudsvorm gewoonlik na **-ae**. (Onthou om geen deelteken te gebruik nie!)

  Voorbeeld: **dag** – 4.________________
- By sommige woorde wat op **-man** eindig, val -man in die meervoudsvorm weg.

  Voorbeeld: **buurman** – 5.________________
- Woorde wat op **-heid** eindig, verander in die meervoudsvorm na **-hede**.

  Voorbeeld: **moeilikheid** – 6.________________
- Woorde wat op 'n **-g** eindig, kry gewoonlik 'n meervoudsvorm met **-te**.


  Voorbeeld: **gesig** – 7.________________
- As 'n woord op 'n **o, u, i** en beklemtoonde **a** eindig, word die afkappingsteken by die meervoudsvorme gebruik.

  Voorbeeld: **pa** – 8.__________; **bikini** – 9.__________; **ouma** – 10.__________



F Gee die **meervoude** van die volgende woorde.

1. ouma ________________
2. oupa ________________
3. padda ________________
4. baba ________________
5. ma ________________
6. pa ________________
7. jaar ________________
8. vraag ________________
9. kind ________________
10. maat ________________
11. broer ________________
12. suster ________________
13. naam ________________
14. nooi ________________
15. kêrel ________________
16. moeilikheid ________________
17. gesig ________________
18. dag ________________
19. buurman ________________
20. Fransman ________________




**Leer die volgende meervoude:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| glas | glase | pad | paaie (*roads*) |
| stad | stede (*cities*) | speelding | speelgoed (*toys*) |
| vrug | vrugte (*fruits*) | kind | kinders |
| prefek | prefekte | oog | oë |
| kas | kaste (*cupboards*) | bed | beddens |
| hemp | hemde (*shirts*) | knie | knieë |
| skip | skepe | skilpad | skilpaaie |



| **Ken jy nou** | **Ja**  | **Amper**  | **Nee**  |
|---|---|---|---|
| meervoude? | | | |